**Liturg: Ds Johan Willemse**

**Teksvers**

Genesis 32:3 – 33:5 (AFR53)

**Fokusvers:**

Genesis 32:7 & 30

**Tema:**

Ons vrees en angs verdwyn voor die aangesig van die Here.

**Datum:**

10 Augustus 2025

## 1. **Inleiding**

Geliefdes in ons Here,

Dit is geweldig aangrypend hoe die verhale in Genesis 'n manier het om jou in te trek en te laat deel voel van die verhaal. Wanneer 'n mens eers gewoond raak aan die taal en styl, dan is dit asof jy nie meer 'n leser is nie, maar 'n toeskouer. As jy jouself weer kry, dan is jy nie meer by jou lessenaar nie, maar saam met Jakob en sy gesin voor die drif van die Jabbok.

Hierdie is natuurlik nie iets uniek aan die Bybel nie, daar is baie boeke geskryf wat dieselfde effek het. Maar daar is tog iets wat Genesis anders maak. **[KP]**

Vandag is hierdie verhale in geskrewe vorm, maar dit was nie altyd so nie. Vir jare en jare was hierdie gebeure eers oorvertel deur die geslagte. Die man sou sy gesin bymekaar roep en vir hulle die verhale vertel. Die wonderlike gebeure van grootoupa Jakob en sy broer Esau. En alhoewel dit soos 'n storie oorvertel was, is dit nie 'n sprokiesverhaal nie. Dit is en bly die werklikheid van hoe God met sy kinders werk.

Jare later het Moses die verhale neergeskryf en deur die Heilige Gees het die **egtheid**, **waarheid**, maar veral ook die **emosie** behoue gebly. Juis dít is wat Genesis anders maak as ander boeke.

Genesis 32 was eers oorvertel soos 'n verhaal. As ons dus die hoofstuk reg wil verstaan, moet ons dit lees en ontleed soos 'n storie. Daarom begin ons eerstens by die **hoofkarakter**, Jakob.

## 2. <u>Liggaam</u>

### 2.1. Die hoofkarakter: Jakob

Die verhaal van Genesis fokus op mense. Dit begin by Abraham, die groot vader van die volk. Die fokus val op hom, sy vrou en familie. Daarna volg dit sy seun, Isak. Na Isak vertel dit vir ons van Jakob.

Jakob kan egter nie losgemaak word van sy broer Esau nie. Tweelingbroers wat teenpole van mekaar was. In hierdie opsig was Jakob heeltemal anders as sy <u>oupa</u> Abraham en sy <u>pa</u> Isak. Met hom is dit moeilik om iets goed raak te sien. Hy is onaangenaam en van geboorte af is Jakob se hande besig om te gryp, te steel en te bedrieg.

Maar Genesis se hooffokus is nie net op die mens nie. Dit gaan ten diepste oor die geslagte met wie God sy verbondsverhouding gesluit het. Dit gaan oor hulle verhouding met God, met die land, die beloftes... en veral die *seën van God*. Vir Jakob was daar niks belangriker as hierdie **seën** nie.

Die gebruike van die tyd het bepaal dat die oudste seun ŉ dubbele porsie van die seën ontvang. Esau was die oudste en die seën het hóm toegekom. Maar van geboorte af is Jakob besig om die eersgeboortereg uit sy broer se hande te gryp. Later het hy die seën gesteel deur te jok en sy vader te bedrieg. Deur sy <u>hele lewe</u> span Jakob sy kragte in om die seën <u>in die hande te kry</u>. Dit maak nie saak hoe laag hy moet daal nie.

Genesis skets nie vir Jakob as ŉ goeie karakter nie, maar eerder soos sy naam hom beskryf, ŉ bedrieër (let. ŉ haakskeengryper). Iemand wie se hande altyd die seën wil vasgryp deur middel van sy slegte gedrag.

Dit bring ons by die tweede deel van die verhaal, die krisis en spanning.

### 2.2. Die krisis en spanning

Genesis 32 is die laagtepunt van Jakob se lewe. Hy kan nie teruggaan na sy oom Laban toe nie, en weens sy sondige verlede is hy bang om Kanaän toe te gaan na sy broer Esau.

Vers 3 herinner ons aan die konflik en spanning tussen die broers. Vers 3 sê: "*Jakob het boodskappers uitgestuur voor hom uit na sy broer Esau in die land **Seïr**, die **landstreek** van **Edom***."

i. Seïr is die plek waar Esau gebly het, maar die woord klink dieselfde as die woord vir *harig*. Met die tweeling se geboorte word daar vertel dat Esau vol hare was. Dit herinner ons aan die groot **verskil** tussen die broers **van geboorte af**.
ii. Landstreek. Die woord is eintlik *veld* en herroep hoe Esau 'n man van die *veld* was en Jakob 'n man wat in tente gewoon het. Hierdie **verskil** sou later bydra en lei tot hulle **konflik**.
iii. Edom. Die woord beteken rooi, en rig ons gedagtes op Esau se rooi **vel** en die rooi **lensiesop** waarvoor hy sy eersgeboortereg verkoop het.

Jakob is op pad terug Kanaän toe. Vir die eerste keer nadat hy sy broer bedrieg en beroof het, gaan hy hom nou tegemoet. Die teks skep doelbewus die **spanning**. Ons mag nie van Jakob se verlede vergeet nie, die geboorte, die geboortereg en die seën. Is Esau nog kwaad? Wil hy nog wraak neem?

****[KP]****

Daarom praat Jakob sag en trap hy versigtig. Voordat hy terugkeer, stuur hy eers vir sy broer 'n boodskap. En die boodskappers kom terug en sê (32:6): "*Ons het by u broer Esau gekom, en hy trek u alreeds tegemoet en vierhonderd man saam met hom.*" Dit bring ons by ons eerste fokusvers, vers 7: *"Toe het Jakob baie **bevrees** en **benoud** geword."*

Jakob word skielik deur angs oorval, hy voel ingeperk. Sy vrees en benoudheid is die gevolg van sy eie sondes. Dié dat sy hande altyd besig was met bedrog, sodat hy die seën kan ontvang. Maar nou het hy sy rieme styfgeloop. En dadelik sien ons weer die ou mens deurstraal:

**Commented [MOU1]:** onskeibare werkwoord. Klem op 2de deel van die woord, geen "ge", ook nie vooraan nie.

**Eerstens:** Jakob begin dadelik die hele situasie **oordink**. In hoofstuk 33 is dit duidelik dat Esau nie ŉ wrok koester nie. **[LS]** Maar Jakob kyk net vas in sy bedrieëry. In vers 8 kan hy net dink aan '*wat as*' of '*miskien dit*'... Hy oordink.

**Tweedens:** As Jakob die nuus hoor, is hy dadelik weer besig. Hy deel sy trek en besittings in verskillende groepe op. En wat baie opmerklik is, is dat *Jakob heel agter* in die laaste groep is. Hy maak seker sy eie lewe bly behoue. En as dit nie gaan werk nie, stuur hy omkoop geskenke aan sy broer. Weereens is hy op soek na seën uit die ontmoeting, maar deur swak optrede.

**Derdens:** Ons lees dat Jakob iets doen wat hy nog nie vantevore gedoen het nie. Jakob het al met God gepraat en selfs ŉ gelofte afgelê, maar dit is die eerste keer waar daar uitdruklik gesê word **dat hy bid** (32:9). Hy herinner God aan sy verbond en beloftes. Hy kom nederig voor die Here en bely dat alles wat hy het van God af kom. Hy smeek om redding en genade.

Maar sy gebed openbaar dat hy steeds Jakob is. Vir Jakob het dit nog altyd gegaan oor die *seën*, oor die *goeie* wat hy kan kry. Hy sê in vers 9 dat die Here belowe het om: "*aan hom goed te doen.*" Maar wanneer ons terugkyk, was dit nie wat God belowe het nie. Die Here se belofte by Bethel (28:15) was dat Hy Jakob sal **bewaar** en **nooit** sal **verlaat nie**. Maar Jakob is nog gefokus op die seën, op die goeie wat hy kan kry.

****[KP]****

Geliefdes, alhoewel Jakob baie swak eienskappe het, moet ons onthou dat die verhaal *nie net oor die menslike karakters* op hulle eie *gaan* nie. Dit gaan oor hulle lewenspad as God se verbondsvolk. Jakob is nie net ŉ slegte karakter nie, hy het ŉ komplekse karakter. Hy het ŉ konstante worstelstryd tussen goed en sleg.

Ja, Jakob oordink dalk die ontmoeting, maar ons kan goed verstaan en insien hoekom. Hy spring dalk dadelik in en begin planne maak en geskenke stuur, maar hy is besorg oor die welstand van sy gesin. Hy fokus dalk in sy gebed op die seën en die goeie uitkoms, maar hy bid.

Sy karakter het baie tekortkominge, maar hy is nie sonder deug en hoop nie. Hy is Jakob die bedrieër, maar hy is ook ʼn erfgenaam van God se verbond. God is steeds besig om met hom ʼn pad te stap. Daarom, voordat hy in die beloofde land ingaan, moet *iets gebeur*.

Dit bring ons by die **groot ontmoeting**.

****[LP]****

### 2.3. Die groot ontmoeting

Deur die hele hoofstuk word ons voorberei vir hierdie oomblik. Jakob en Esau gaan nou van aangesig tot aangesig ontmoet. Gesig, of aangesig word die fokus woord in vers 17-22:

- In vers 20 word dit drie keer na mekaar gebruik op verskillende maniere:
    - Jakob sê hy gaan eers geskenke *voor sy gesin* uitstuur.
    - Eers dan sal hy Esau se *aangesig* sien.
    - Daarna, as alles goed gaan, sal Esau hom in guns aanneem, of as ons dit letterlik vertaal – dalk sal Esau *sy aangesig oor hom verhef*.

Die verhaal rig ons fokus <u>weg</u> van Jakob en <u>op</u> die aangesig van Esau. Dit is die aangesig van sy broer wat die konflik en spanning bring. Dit is ook waar Jakob se vrees en benoudheid lê. Die hele verhaal rig ons na die ontmoeting van aangesig tot aangesig met Esau. Maar dan gebeur iets merkwaardig. Voordat Jakob voor Esau kan staan, moet hy eers voor die aangesig van ʼn Ander kom.

Daardie nag staan Jakob op, die vrees en angs hou hom wakker. Hy stuur sy twee vroue, sy slawe en al sy kinders deur die Jabbok. Hy stuur ook alles anders wat by hom is. Dan sê vers 24 dat Jakob **alleen agtergebly het** en *ʼn **Man** het met hom geworstel tot dagbreek...*

****[KP]****

Wie is die Man? Waar kom Hy vandaan? Is dit een van Esau se mense of ŉ vreemdeling?

Dwarsdeur die nag is die twee besig om in die stof te rol. En soos dagbreek naderkom, sien die Man dat Jakob met al sy krag worstel en dat hy Hom gaan oorwin. Daarom slaan Hy Jakob op sy heupbeen en dit ruk uit lit uit.

Jakob is alleen, dit is donker, hy is bang, benoud en gespanne. Hy het die hele nag deur gestoei. Sy heupbeen is uit lit en hy het **niks meer krag oor nie**. Maar wat Jakob gedurende die worstelstryd agtergekom het, is dat hierdie geen gewone *mens* is met wie hy stoei nie. Hy is besig om met God te worstel.

**[LS]** Dit is ŉ nag wat Jakob nooit sal vergeet nie.

In sy worsteling met God het hy uiteindelik verstaan. Sy hele lewe lank is hy opsoek na seën. Hy het nie met gevoude hande gestaan nie, maar hy het al sy kragte ingespan om die seën te gryp. Maar nou is hy van alle hulp verlaat, sy krag is op, sy hande kan nie meer bedrieg nie. Deur sy eie krag kan hy nie die seën kry nie. Hy kan maar net vasklou aan die Here en smeek dat Hy hom sal seën.

In vers 27 vra die Here om sy naam. Hy antwoord: Jakob, maar eintlik **bely** hy: "*Ek staan bekend as die bedrieër.*"

Eers na die belydenis volg die seën: "*Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar* ***Israel****; want jy het geworstel met God en met die mense en het oorwin.*"

**[LS]**

Geliefdes, hoe is dit moontlik? Hoe kan vers 25 sê dat die Man gesien het dat Hy nie vir Jakob kan oorwin nie? Hoe kan ŉ mens met God worstel en oorwin? Hoe moet ons dit verstaan?

**[LP]**

Die antwoord lê in God se genade!

**Eerstens:** Jakob se oorwinning beteken nie dat hy God oorweldig het nie. Hy het oorwin omdat hy aan die Here **vasgehou** het. In die geveg het Jakob se krag uitgeloop, sy heup is uit lit geslaan, maar sy hande het bly vasklou. Dit was nie die triomf van menslike krag nie, dit was ŉ geloofstriomf wat vashou aan die enigste Een wat waarlik kan seën! Hy het oorwin, deur vas te bly hou aan sy Here.

**Tweedens:** Die eer vir Jakob se oorwinning lê nie in **sy** groot mag nie, maar in die Here se genade. Die Here het nie daardie nag met al sy krag baklei nie. As Hy het, sou Hy in ŉ oogwink vir Jakob vernietig het, en dan sou Jakob verlore gaan. In sy genade het die Here **Homself laat oorwin**, Hy het oorgegee, sodat sy kind verlossing kan ontvang.

Dit word bevestig in vers 30. Jakob noem die plek Pniël: "*want, het hy gesê, ek het God gesien van aangesig tot aangesig, en tog is my lewe gered.*" Daardie aand het Jakob net bly leef omdat God sy lewe gered het. In genade moes God Homself oorgee, sodat Jakob kan lewe.

Dan breek ŉ nuwe dag aan. Deur God se genade het Jakob nie net oorwin nie, maar hy was ook verander. Hy stap weg, met die son wat opkom oor ŉ nuwe mens. Hy staan nou bekend as **Israel** en hy het ŉ permanente merkteken van sy verandering (32:31).

Dan lees ons hoe die nuwe Jakob Esau tegemoet stap. Die verandering is beduidend. Hy loop nie meer heel agter nie, maar hy gaan by almal verby tot heel voor. Ons lees nie meer van vrees en benoudheid nie, maar van nederigheid (33:3). En later bely hy: "*God het my genade bewys, en ek het volop.*"

Vir ons lyk dit asof Jakob sy lewe lank met mense worstel op soek na seën. Maar eintlik was dit God se lewenslange worsteling met hóm. Dit is eers daardie oggend wat hy besef dat hy nie die seën kan ontvang deur mense se hakskene te gryp nie. Hy kan dit slegs ontvang as hy met leë hande, en met al sy krag, vashou aan die Here wat Homself in genade oorgee.

### 2.4. Die antwoord op ons vrees en angs

Geliefdes.

Genesis het ŉ besondere manier om ons in te trek en deel te maak van die gebeure. Aan die een kant is dit omdat hierdie verhale eers oorvertel was van geslag tot geslag. Maar die fokus is nie net op *mense* nie, die fokus is op God se pad met sy verbondskinders. Die verhaal word lewendig omdat dit oorvertel word **in ons elkeen** se lewe.

Commented [MOU2]: Anglesisme: engels= on the one hand

Genesis skets nie vir Jakob as ŉ goeie karakter nie, maar dit skets hom as ŉ sondaar wat in die verbond met die Here staan. In Jakob sien ons onsself. Sondaars wat in ŉ verbondsverhouding met die Here staan. Mense wat weens die sonde en gebrokenheid in die wêreld, hulle hele lewe lank worstel. Worstel in ons verhoudings, worstel in ons gesinne met ons ouers en kinders, worstel met ons werk en lewenskeuses, worstel met ons gesondheid en siekte.

Maar, terwyl ons worstel met al hierdie dinge, is die Here ook besig om met ons te worstel. Hy wil ons bring op ŉ punt waar ons met al ons mag aan Hom vashou en smeek om sy seën. Soos Jakob moet ons besef dat ons eie hande niks kan verrig nie, ons kan maar net vasklou aan die Here.

Wanneer ons besef dat die Here wil hê ons moet oorgee, dan sien ons ook vir Christus raak. Ons sien God wat in sy groot genade as ŉ mens gekom het en Homself laat oorwin, sodat ons verlossing kan ontvang. In genade moes Christus Homself oorgee, sodat ons die lewe en seën van sy verlossing kan ontvang.

Wanneer die Here met ons op hierdie manier worstel, wanneer ons met al ons krag aan Christus vashou, dan word ons ook verander. Ons kry ook ŉ nuwe identiteit. En dit is slegs met hierdie veranderde identiteit wat ons in ŉ nuwe dag kan uitstap, ons vrese tegemoet.

Geliefdes, soms voel ons almal soos Jakob in hierdie hoofstuk. Bang, onseker, alleen, angstig en in nood.

- Die angstigheid wat jy dalk beleef langs die bed van ’n siek geliefde. Wat gaan van hulle word? Hoe kan ek hulle help in hierdie situasie?
- Die angstigheid van jou werk of studies. Gaan ek hierdie eksamen kan skryf, of hierdie afsnydatum bereik? Hoe gaan ek hierdie huisbesoek doen of die vergadering benader?

Geliefdes, so eenvoudig soos wat dit klink: Hou net styf, styf vas aan jou Here. Hou vas aan Christus en smeek om sy seën. Weet dat ons by die aangesig van die Here krag kry om al ons vrese en angs te deurstaan. Dit is juis wanneer ons niks kan doen behalwe vas te hou nie dat ons troos vind in God se woorde: “*My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is*.”

Kind van die Here, stap so jou vrese en benoudheid tegemoet.

## Amen